

## PROJEKINLIGTING

---

**Titel:** Hersiene Konsep Omgewingsimpakevalueringsverslag Weergawe 2 vir die Eskom Kernkragstasie en Gepaardgaande Infrastruktuur (Nuclear-1)

**Omgewingsowerheid:** Departement van Omgewingsake (DO)

**DO Verwysingsno.:** 12/12/20/944

**Applikant:** Eskom Beherend Beperk

**Omgewingskonsultante:** GIBB (Edms.) Bpk.

**Datum:** Augustus 2015

*Engelse en Xhosa weergawes van hierdie Uitvoerende Opsomming is aangeheg by hierdie verslag en is ook beskikbaar by GIBB se Openbare Deelnamekantoor (Tel: 012 348 5880; Kantoorure: Maan tot Vry – 09h00 tot 13h00 openbare vakansiedae uitgesluit; Faks: 012 348 5878; en E-pos nuclear1@gibb.co.za). Die Engelse weergawe van hierdie dokument is egter die Meesterkopie.*

# BEKNOPTE OORSIG


## OPSOMMING

*Die belangrikste bevinding van hierdie Hersiene Konsep Omgewingsimpakverslag, Weergawe 2, is dat die aanbeveling is dat die DO magtiging van die Thyspunterrein vir die Eskom Nuclear-1 Kragstasie moet oorweeg, met voorwaardes.*

## INLEIDING

Eskom Beherend (MSB) Beperk (Eskom) beoog om 'n konvensionele kernkragstasie in Suid-Afrika op te rig, te bedryf en buite werking te stel ten einde aan die totale vraag na elektrisiteit te voldoen. In baie lande, insluitend Suid-Afrika, het ekonomiese groei en maatskaplike behoeftes 'n beduidend groter vraag na energie tot gevolg, ondanks voortgesette en versnelde vooruitgang in energiedoeltreffendheid. Gevolglik moet nuwe opwekkingsvermoë geïnstalleer word om voorsiening te maak vir die toename in die vraag na energie.

Verskeie verskillende vooruitskattings vir die toekomstige toename in die vraag na elektrisiteit is gedoen, gegrond op verskillende scenario's vir die ontwikkeling van Suid-Afrika se ekonomie. Een sodanige studie van hierdie projeksies wat vir die Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP) 2010 onderneem is, toon verskillende scenario's wat ondersoek is. Die scenario wat gebruik is in die "beleidaangepaste" IRP 2010 is die Matige Maksimum Vraag soos geïllustreer in die lyngrafiek hieronder. Hierdie scenario toon 'n groei in maksimum vraag vanaf sowat 39 GW in 2010 tot omtrent 74 GW in 2034. Dit moet benadruk word dat Eskom nuwe vermoë op grond van die IRP 2010 (en toekomstige hersienings daarvan) in samewerking met die Departement van Energie beplan.



Geprojekteerde kragvereistes vir Suid-Afrika tot in 2034 gegrond op verskillende scenario's (IRP 2010)

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (Nasionale Beplanningskommissie, 2012) soek voorts 'n 2,7 % toename in Bruto Binnelandse Produk (BBP) in reële terme teen 2030, wat neerkom op 'n BBP-toename van 5,4 % per jaar. Indien hierdie groeikoers of selfs 'n meer bedeesde groeikoers verwesenlik word, kan die toename in die vraag na elektrisiteit na verwagting voortduur en sal dit steeds nodig bly om nuwe kragopwekkingsvermoë in Suid-Afrika te bou. Wanneer hierdie syfers gevolglik in ag geneem word, voorspel die IRP 2010 'n toename van sowat 21 GW van maksimum vraag teen 2025 en ongeveer 29 GW teen 2030.

Derhalwe beplan Eskom, in antwoord op hierdie vraag, om bykomende basislas opwekkingsvermoë op te rig wat in lyn is met die vooruitgang ten opsigte van kragdoeltreffendheid en die ontwikkeling van hernieubare kragopwekkingsvermoë. Soos genoem, op grond van projeksies, is daar 'n vereiste van meer as 40 000 Megawatt (MW) nuwe elektrisiteitsopwekkingsvermoë oor die volgende 20 jaar. Die goedgekeurde Geïntegreerde Hulpbronplan, 2010, wat die regering se strategie uiteensit om in die groeiende kragbehoefte te voldoen, dui op die regering se verbintenis tot die oprigting van 9 600 MW kernkrag teen 2030. Eskom is van voorneme om die bedryfbaarheid van die kernkragopwekkingsvermoë wat Suid-Afrika benodig, te ondersoek.

Daar is omvattende wetlike vereistes vir kernkragaanlegte in Suid-Afrika. 'n Kernkragstasie verg magtiging van twee reguleringsowerhede, naamlik die Departement van Omgewingsake (DO<sup>1</sup>) en die Nasionale Kernkragreguleerder (NKR). Hierdie magtigings, en 'n aantal ander magtigings, moet verkry word alvorens die konstruksie 'n aanvang mag neem.

Omgewingsmagtiging ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA, Wet 107 van 1998) en die OIE-regulasies (2006) word benodig alvorens die beplande kernkragstasie gebou kan word, aangesien dit 'gelyste aktiwiteite' (d.w.s. aktiwiteite wat potensieel skadelike gevolge vir die omgewing kan inhou) behels, waarvan die vernaamste die volgende is:

- *(1a) Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur, gepaardgaande strukture of infrastruktuur ingesluit, vir die opwekking van elektrisiteit waar die kragopwekking 20 Megawatt oorskry en die aanleg 'n oppervlak groter as een hektaar beslaan; en*
- *(1b) Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur, gepaardgaande strukture en infrastruktuur ingesluit, vir kernkragreaktors, insluitende die produksie, verryking, verwerking, herverwerking, berging of wegdoening van kernkragbrandstowwe, radioaktiewe produkte en afval.*

GIBB (Edms.) Bpk. (GIBB)<sup>2</sup> is deur Eskom aangestel as die onafhanklike Omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) ten einde die Omgewingsimpakevalueringsproses (OIE-proses) te onderneem en 'n Omgewingsimpakverslag (OIV) en Omgewingsbestuursplan (OBP) vir die beoogde kernkragstasie (hierna verwys as Nuclear-1) en gepaardgaande infrastruktuur saam te stel. 'n Aantal spesialiste het bygedra tot die OIE en het die nodige spesialisverslae saamgestel.

Die OIE-proses vir Nuclear-1 bestaan uit twee fases, naamlik die Bestekopnamefase en die OIE-fase. 'n Aansoek is in Mei 2007 by die DO ingedien en daarna in Julie 2008 gewysig vir 'n enkele kernkragstasie van hoogstens 4 000 MW. Die Bestekopnamefase van die OIE is afgehandel. Die DO het kommentaar van die tersaaklike provinsiale omgewingsowerhede ontvang en die Bestekopnameverslag in November 2008 goedgekeur. Hierdie goedkeuring het die aanbeveling ingesluit dat twee van die oorspronklike vyf alternatiewe terreine wat gedurende die Bestekopnamefase geëvalueer is, naamlik Brazil en Schulpfontein in die Noord-Kaap, nie verder in die OIE oorweeg word nie. Die uitsluiting van hierdie terreine was gegrond op 'n beperkte plaaslike vraag en die gebrek aan bestaande elektrisiteitstransmissiekorridors wat met hierdie terreine gepaard gaan. Die DO het die Finale Plan van Studie vir die OIE in Januarie 2010 goedgekeur.

Die Konsep OIV wat gedurende 2010 vir kommentaar aan die publiek en die owerhede verskaf is, is hersien op grond van kommentaar wat ontvang is. Die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) vir Nuclear-1 is tussen Mei 2011 – Augustus 2011 beskikbaar gemaak vir openbare kommentaar. Gegrond op die DO en die publiek se kommentaar op hierdie verslag, is bykomende spesialisstudies

---

<sup>1</sup> Voorheen die Departement van Omgewingsake en Toerisme.

<sup>2</sup> Voorheen Arcus GIBB (Edms.) Bpk.

en ondersoek verlang. Die huidige dokument is dus die Hersiene Konsep Omgewingsimpakverslag (Weergawe 2). Dit dokumenteer die OIE-proses wat onderneem is ten einde die potensiele omgewingsimpake van die beoogde kernkragstasie by enige van drie alternatiewe terreine, naamlik Duynefontein en Bantamsklip in die Wes-Kaap en Thyspunt in die Oos-Kaap te bepaal. Dit sluit hersienings van sekere spesialisverslae in en maak aanbevelings ten opsigte van die plasing en magtiging en die aanbevole plasing van Nuclear-1, gebaseer op die uitkomst van die OIE.

## **ROLLE VAN REGERINGSOWERHEDE**

Benewens die omgewingsmagtiging ingevolge die NEMA, verlang die beoogde kernkragstasie nog 'n belangrike magtiging van die Nasionale Kernkragreguleerder (NKR) vóór konstruksie. Voorts word talle ander magtigings van verskeie departemente, soos die Departement van Minerale Hulpbronne, die Departement van Waterwese (DWW), die Departement van Omgewingsake (DO), provinsiale omgewingsowerhede en die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronnagentskap, asook ander reguleringsowerhede, soos die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) voor oprigting verlang.

Die Nasionale Kernkragreguleerder (NKR) se mandaat spruit voort uit die Nasionale Wet op die Kernkragreguleerder (NNRA, Wet 47 van 1999) om deur die vasstelling van veiligheidstandaarde en reguleringspraktyke voorsiening te maak vir die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kernkragkade. Kragtens Artikel 20 van die NNRA mag niemand 'n kernkraginstallasie se terrein kies, dit oprig, bedryf, dekontamineer of uit bedryf stel sonder die magtiging van 'n kernkraginstallasie-lisensie nie. Artikel 21 van die NNRA maak voorsiening vir 'n persoon wat in enige van hierdie aktiwiteite betrokke wil raak, om by die NNR se Bestuurshoof aansoek te doen om sodanige lisensie. Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) ("die Grondwet") en die NEMA, is die DO egter verantwoordelik vir besluitneming betreffende die potensiele impakte van die kragstasie op die omgewing, hoewel hierdie impakte waarskynlik impakte sal insluit wat betrekking het op sekere aspekte van die radiologiese gevare wat met die aanleg gepaard gaan.

Met erkenning van die tweeledige hoewel duidelik onderskeibare verantwoordelikhede ten opsigte van die beoordeling van kwessies betreffende radiasie, het die DO en die NKR 'n samewerkingsooreenkoms onderteken wat op 18 Julie 2008 in die Staatskoerant gepubliseer is. Een van die hoofdoelwitte van hierdie ooreenkoms is om "onnodige en onvermydelike duplisering van moeite" tussen die NKR en die DO te voorkom". Die NKR se magtigingsproses is spesifiek van toepassing op kwessies aangaande kernkrag en radiasieveiligheid met betrekking op die plasing, ontwerp, konstruksie, bedryf en uitbedryfstelling van kernkraginstallasies. Voorts het die Direkteur-generaal van die DO 'n verklaring in Januarie 2009 uitgereik (Aanhangsel B4) om die doel van die ooreenkoms verder te verduidelik. Luidens die verklaring is kernkragveiligheid, radiasie en radiologie "beter geplaas in die reguleringsproses van die NNRA en sal oorweging van dieselfde kwessies in 'n OIE-proses lei tot onnodige en vermybare duplisering."

Ter erkenning van hierdie ooreenkoms, was die benadering in die OIE tot en met die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) wat in 2011 vir openbare kommentaar vrygestel is, dat "Terreinveiligheidsverslae"<sup>3</sup> wat saamgestel is as deel van die magtigingsproses vir die lisensiering van kernkrag, as aanhangsels tot die konsep OIV ingesluit is, maar dat radiologiese kwessies nie in besonderhede in die OIE geëvalueer sal word nie. Ter erkenning van vereistes in die NEMA, gepaardgaande wetgewing soos die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) en ander wetlike presedente wat die oorweging van alle tersaaklike sosio-ekonomiese faktore in 'n OIE-proses vereis, is 'n evaluering van radiologiese impakte van die voorgestelde kragstasie egter in die huidige weergawe van die OIV ingesluit. Hoewel hierdie benadering om 'n evaluering van die radiologiese impakte van die beoogde kragstasie in te sluit 'n risiko van duplisering tussen die OIE en die NNR se lisensieringsprosesse tot gevolg het, word die risiko vir die OIE ten opsigte van moontlike appèlle, gegrond op die uitsluiting van materiële kwessies soos gesondheidskwessies uit die OIE-proses groter as die risiko van duplisering geag. Die huidige weergawe van die OIV wyk derhalwe wesenlik af van die benadering in die vorige weergawes van die OIV ten opsigte van die oorweging van radiologiese impakte.

---

<sup>3</sup> Die Evaluering van die Noodrespons, Terreintoegangsbeheersing en Evaluering van Menslike Gesondheidsrisiko.

In hierdie konteks moet genoem word dat die benaderings van die OIE-proses en die NKR se lisensiëringsproses wesenlik verskil. Die fokus van die OIE-proses is om die potensiële impakte van radiologiese vrystellings (insluitend normale bedryfsvrystellings en sturingstoestande) te evalueer. Die fokus van die NKR se lisensiëringsproses is egter om bo redelike twyfel te bewys dat deeglike verdedigingsmaatreëls (veelvuldige, oorbodige en onafhanklike lae van veiligheidstelsels) wat in die voorgestelde kragstasieontwerp en -bedryf toegepas word, voldoende is om die waarskynlikheid van 'n fout wat lei tot hartsmelting of 'n fout in reaktorinperking tot aanvaarbare en hoogs onwaarskynlike vlakke te verlaag. Derhalwe fokus die OIE-proses op die gevolge van radioaktiewe vrystellings. Die NKR se lisensiëringsproses fokus ook op gevolge, maar is ook ontwerp om die waarskynlikheid van sodanige vrystellings te verminder.

## **PROJEKBESKRYWING**

Die tegnologie wat deur Eskom gekies is vir Nuclear-1, staan bekend as Drukwaterreakortegnologie (PWR-tegnologie), wat water as 'n koelmiddel en remstof gebruik. PWR'e is internasionaal die kernkragreaktor wat die algemeenste voorkom. Eskom is vertrou met hierdie tegnologie vanuit gesondheids- en veiligheidsaspekte, sowel as vanuit 'n bedryfsaspek, aangesien dit reeds vir die afgelope 30 jaar in gebruik is by die Koeberg Kernkragstasie (KKKS). Eskom is ten gunste van 'n kernkragstasie met standaard Generasie III-ontwerp, danksy die eenvoudige bedryfsvereistes, stewige ontwerp, beskikbaarheid, 'n kleiner moontlikheid van hartsmeltingsongelukke, minimale uitwerking op die omgewing, optimale brandstofverbruik en minimale afval wat gegenereer word.

Gedetailleerde beskrywings van die beoogde kernkragstasie is nie beskikbaar nie, aangesien 'n verkose verskaffer nog nie aangewys is nie. Die benadering wat in hierdie OIE-proses gevolg is, was derhalwe om omvattende omgewings- en ander tersaaklike vereistes te spesifiseer waaraan die ontwerp en plasing van die kragstasie op die terrein moet voldoen. Die omvattende kriteria is ontwikkel om toe te sien dat hulle die konserwatiefste parameters verteenwoordig wat met die verskillende aanlegalternatiewe in die PWR-tegnologieë geassosieer word.

Die oppervlak van die voetspoor wat in hierdie OIE geëvalueer word, maak voorsiening vir die potensiële toekomstige uitbreiding van die kragstasie, sou dit op daardie stadium tegnies uitvoerbaar wees. Daar word beraam dat die totale voetspoor wat vir Nuclear-1 (4 000 MW) benodig word, 200 tot 280 hektaar is en die huidige aansoek om Omgewingsmagtiging is derhalwe slegs vir 4 000 MW. Benewens die kernkragstasie se voetspoor, sal daar ook, ter wille van beplanning vir noodtoestande, twee kategorieë uitsluitingsones rondom die kragstasiekompleks wees. Die internasionaal aanvaarde uitsluitingsones word vir Nuclear-1 oorweeg. Die NKR sal die finale besluit neem met betrekking tot die grootte van die uitsluitingsone, ooreenkomstig die NNRA.

Die beoogde kragstasiekompleks sal onder andere die kernkragreaktor, turbinesale, brandstofbergingsgeriewe, afvalhanteringsaanlegte, in- en uitlaatstrukture wat benodig word om die water vir die koelproses te bekom/vry te stel, 'n ontsoutingsaanleg, interne kraglyne, paaie, die hoogspanningswerf en enige ander bykomende diensstrukture insluit. 'n Opsiklusgasturbine-aanleg (OSGT) sal vir noodkragopwekking by die Thyspuntterrein gebruik word.

Sou die voorgestelde projek goedgekeur word, sal konstruksie na raming nege jaar neem. Die eerste eenhede sal elektrisiteit teen 2023/2024<sup>4</sup> kommersieel begin lewer.

## **LIGGING VAN DIE KERNKRAGSTASIE**

Die drie terreinalternatiewe wat in die OIE-fase geëvalueer is, sluit in:

- Duynefontein, wat langs en noord van die KKKS op die Kaapse Weskus geleë is, sowat 35 km noord van Kaapstad. Die terrein is in bestaande eiendom in Eskom se besit, wat 'n natuurreserveaat insluit.

---

<sup>4</sup> Hierdie datums kan verskil van die datums in ander hoofstukke van die OIV. 2023/2024 is egter in lyn met die 2010 IRP wat onlangs goedgekeur is.

- Bantamsklip, wat aan die Suid-Kaapse kus geleë is, halfpad tussen Danger- en Quoinpunt. Die terrein vorm deel van die groter Bantamsklippeïendom in Eskom se besit en word hoofsaaklik gebruik om blomme te oes en vis te vang.
- Thyspunt, wat aan die Oos-Kaapse kus geleë is, tussen Oesterbaai en St. Francisbaai. Die terrein vir die voorgestelde Nuclear-1 is tans in Eskom se besit, maar daar is 'n aantal huise op die aangrensende eiendomme, buite die voorgestelde kernkragstasie se Noodbeplanningsones (NBS'e).

## **OIE-PROSES, OPENBARE DEELNAME EN IMPAKTEVALUERING**

Die OIE-proses wat ooreenkomstig die OIE-regulasies van 2006 onderneem word, sluit in die Openbare Deelnameproses (ODP-proses) sowel as die tegniese spesialisstudies, asook die kwessies wat geïdentifiseer en geëvalueer is.

Die beoogde projek is in die helfte van 2007 aangekondig toe die registrasie van Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) 'n aanvang geneem en regdeur die OIE voortgesit is. Talle Openbare Opedae, Sleutelfokusgroepvergaderings en Werkswinkels vir Sleutelbelanghebbendes is gehou ten einde B&GP's in staat te stel om die bevindinge van die Konsep Bestekopnameverslag (KBEV) met die OIE-span te bespreek. B&GP's se kommentaar is vervat in 'n bygewerkte Kwessie- en Antwoordverslag (KAV) en die Finale Bestekopnameverslag.

Die potensiële impakte wat met Nuclear-1 gepaard gaan, is in die Bestekopnamefase geïdentifiseer. 'n Aantal alternatiewe vir die beoogde projek is uitgelig en vir verdere oorweging tydens die OIE-fase oorgedra.

Die basislyn-omgewing by elk van die alternatiewe terreine is deur die omgewingsspesialiste ondersoek en beskryf ten opsigte van die fisiese, biofisiese en maatskaplike aspekte. Bykomende potensiële impakte is deur die verskeie spesialisstudies (beide kantoor- en veldgebaseerde studies) en die aaneenlopende raadplegingsproses met B&GP's geïdentifiseer. Die spesialiste het daarna die omvang van die geïdentifiseerde potensiële impakte geëvalueer en gepaste versagtingsmaatreëls voorgestel waar dit nodig geag is. Die publiek het ook tydens die OIE-fase tersaaklike plaaslike kennis en inligting tot die OIE bygedra en verseker dat aandag wel aan kwessies in die omgewingsondersoeke geskenk is. Die bevindinge van die spesialisstudies is in die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) en in die huidige verslag geïntegreer en geëvalueer.

Nog 'n sleutelkomponent van die OIE-fase is die openbare oorsig van die bevindinge wat in die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) voorgehou is. Alle geregistreerde B&GP's is in kennis gestel van die beskikbaarheid van die verslag en die beplande Openbare Vergaderings. Werkswinkels vir sleutelbelanghebbendes word in die Wes- en Oos-Kaap gehou. Die beskikbaarheid van die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 2) en die reëlings vir die Openbare Vergaderings is in die koerante geadverteer.

Die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 2) en meegaande verslae sal, waar van toepassing, gewysig word nadat B&GP's se kommentaar tydens die oorsigtydperk ontvang is. Die finale verslae sal dan by die DO ingedien word vir oorweging en besluitneming.

## **SLEUTELVERANDERING IN BEVINDINGE**

Sleutelveranderinge in hierdie Hersiene Konsep OIV (Weergawe 2) wat sedert die publikasie van die Konsep OIV (Weergawe 1) vir kommentaar in 2010 en 2011 onderskeidelik aangebring is, sluit in:

### **Modulêre Koeëlreaktor (MKR)**

- Die planne vir die Modulêre Koeëlreaktor (MKR) demonstrasiekragaanleg by die KKKS is laat vaar. In hierdie Hersiene Konsep OIV (Weergawe 2) word daar dus nie melding gemaak van die MKR-planne nie.

### **Grondwatermoniteringstudie**

- Toe die Hersiene Konsep OIV in 2011 (Weergawe 1) beskikbaar gestel is vir openbare kommentaar, het die studie die resultate van grondwatermonitering in ag geneem wat in die

2010 kalenderjaar versamel is. Die geohidrologiese evaluering is bygewerk met grondwatermoniteringsdata wat sedertdien versamel is. Dit verbeter die vertroue in die voorspellings van die impak op grondwater en vleilande en verbeter ook die vertroue in die doeltreffendheid van die voorgestelde versagtingsmaatreëls, veral vir die Thyspuntterrein.

Die bykomende data wat deur die deurlopende grondwatermoniteringsprogram by al drie terreine versamel is, bevestig die impakvoorspellings vir grondwater en vleilande, en bevestig dat 'n hidrologiese afdigtingsmuur in die uitgraving vir die beoogde kragstasie se kerneiland doeltreffend sal wees om die impak op belangrike vleilande, soos die Langefonteinvleiland by die Thyspuntterrein, te versag.

#### Duingeomorfologie en Puinvloei

- Lauren Elkington, 'n meestersgraadstudent aan die Rhodes Universiteit, het in Junie 2012 'n proefskrif oor die Oesterbaai mobiele duineveld gepubliseer en die resultate van hierdie proefskrif het oorweging ten opsigte van Nuclear-1 geniet. Die duingeomorfologie-evaluering het ook die oorsake van groot vloedgebeure in 2011 and 2012 in ag geneem, en het verder ondersoek of daar bewyse is vir die aansprake van puinvloei in die duineveld en het die impakte van oorstroming op die Sandrivier en die Sandrivierdelta in die Kromrivierestuarium ondersoek. Die verdere navorsing het bevestig dat daar geen bewys van puinvloei op die terrein is of dat daar toestande vir puinvloei bestaan nie. Dit bevestig ook dat daar geen risiko van skade aan Nuclear-1 of die toegangspaaie sal wees nie en dat die risiko van die vloeibaarmaking van sand (of dryfsand) minimaal is, mits standaard ingenieurspraktyke vir paaie en gepaardgaande strukture gevolg word.

Die evaluering van die Sandrivierdelta in die in die Kromrivierestuarium is ook onderneem en daar is bevind dat die Kromrivierestuarium tipies met sand verstop is. Die sand is afkomstig uit die Sandrivier en getystrome wat dit uit die see na die estuarium toe voer. Die Sandrivierdelta het die Kromrivierestuarium nog nooit heeltemal versper nie, en dit is onwaarskynlik dat dit wel sal gebeur. Voorts is bevind dat die veronderstelde puinvloei in die Sandrivier 'n stootskraperafsetting is wat veroorsaak is toe 'n bern gebou is om 'n dam ("Lionel se Dam") teen die Sandrivier te beskerm.

#### Erfenishulpbronne te Thyspunt

- Die Erfenisimpakevaluering (EIE) het bevind dat die Thyspuntterrein as 'n "Kulturele Landskap" geag word soos omskryf deur die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) se Wêrelderfeniskonvensie. Op die tyd wat die hersiene Konsep OIV in Mei 2011 vir openbare kommentaar gepubliseer is, is erfenishulpbronterreine met die kuslyn langs by die Thyspuntterrein deeglik ondersoek, maar daar was steeds onsekerheid oor die erfenisterreine in die middelste gedeelte van die kragstasie se voetspoor by hierdie terrein aangesien die digte plantegroei toegang tot die grootste gedeelte van die terrein belemmer het. Terwyl die teenwoordigheid van argeologiese materiaal in die onmiddellike kusgebiede en oop duinevelde relatief sigbaar was, het die digbegroeide gebiede 'n kennisgaping tot gevolg gehad. Dit is opgelos aan die hand van 'n bykomende fase van erfenisopnames (toetsuitgrawings is by hierdie terrein gedoen) wat tussen 30 Oktober en 15 Desember 2011 onderneem is ingevolge 'n uitgrawingspermit wat deur SAHRA uitgereik is. Hierdie tweede studie het proefuitgrawings/grondoppervlakondersoeke by 113 plekke regdeur die voorgestelde kernkragkorridor behels waar sigbaarheid van die grondoppervlak swak was. Dit het die beoogde kragstasie se voetspoor en potensiële stapelwerfgebiede gedek. Die doel van die werk was om ondergrondse sedimente in digbegroeide gebiede na te gaan waar vorige monsterneming ontoereikend was. Toe dit duidelik word dat daar baie min argeologiese materiaal in hierdie gebied van begroeide duine was, het SAHRA versoek dat die monsternemingsvlak na een uitgraving per 400 m roosterkruispunt verminder word. Dit het die erfenisevalueringspan in staat gestel om 'n mate van vryheid aan die dag te lê ten einde te voorkom dat inheemse ruigtes en vleilandgebiede beïnvloed word.

Hierdie toetsuitgrawings het bevind dat die middelste gedeelte van Thyspunt waar die kragstasie se voetspoor voorgestel word, baie min erfenisterreine bevat en dat die meeste van die terreine met die kuslyn langs of in die mobiele duineveld voorkom, waar vars water

beskikbaar is. Die bevindinge dui daarop dat dit moontlik is om impakte op fisiese erfenis grootliks te vermy, met dien verstande dat infrastruktuur 200 m van die kuslyn af geplaas word en beperk word tot die argeologiese "dooie sone" in die begroeiende duine (suid van die Oesterbaai Mobiele Duineveld).

#### Wegdoening van Koelwater te Thyspunt

- Oorweging word aan twee alternatiewe vir die wegdoening van koelwater by Thyspunt geskenk: naby die kus en in die diepsee. Die evaluering het tot die gevolgtrekking gekom dat die uitlaat naby die kus vanuit die oogpunt van marine organismes (byvoorbeeld tjokka) by Thyspunt aanvaarbaar is. 'n Verdere tjokka-evaluering het bevestig dat die impakte van die wegdoening van sediment in die see en die uitvloei van verhitte koelwater nie wesentliche impakte op tjokka of visserye sal hê nie.

*Ondanks hierdie evaluering en die feit dat uitlaatpype afluend en naby die kus 'n aanvaarbare impak vanuit 'n marine ekologiese oogpunt het, is dit die OEP se aanbeveling dat afluendige uitlaattonnels gemagtig word as deel van die aansoek ten einde die impak op die marineomgewing by Thyspunt en Duynefontein verder te beperk.*

#### Wegdoening van Deklaagmateriaal te Thyspunt

- Wegdoening van deklaag in breekwater te Thyspunt. Die evaluering het tot die gevolgtrekking gekom dat daar minimale impakte sal wees, mits die aanbevole diepsee wegdoeningsterrein gebruik word. Hoewel meer sediment by Sealpunt kan beïnvloed hoe die golwe breek, sal geen dikker sediment by St. Francisbaai, Bruce's Beauties en Jeffreysbaai voorkom nie. Die brandertoestande by hierdie plekke sal dus nie geraak word nie.

#### Wegdoening van Soutwater

- Daar word aanbeveel dat 'n pypuitlaat gebruik word om weg te doen met soutwater agter die brandingsone tydens konstruksie, eerder as om dit in die brandingsone te stort.

#### Evaluering van die Impak op Marinesoogdiere

- Beskrywings en die evaluering van impakte op marinesoogdiere is ingesluit in die hersiene verslag vir al drie terreine.

#### Evaluering van die Impak op Tjokka

- Die marine-evaluering se evaluering van die impak op tjokka is herevalueer danksy knelpunte van die tjokkabedryf. Dit het gedetailleerde oorweging van die kommersiële visvangdata ingesluit wat deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) voorsien is en 'n oorsig van die beskikbare data en bevindinge van die marine evaluering deur die *Scientific Squid Working Group* (SSWG), wat die DAFF van advies bedien oor die bestuur van die tjokkabedryf. Die SSWG het ook sy evaluering saamgestel ten einde die betroubaarheid van die marine-evaluering se bevindinge te toets. Gevolglik word kommentaar van die SSWG in Aanhangsel 6 van die marine-evaluering ingesluit. In breë trekke ondersteun die SSWG se bevindinge dié van die marine-evaluering.

#### Monitering van Ongewerweldes

- Bykomende monitering van ongewerweldes is by alle terreine uitgevoer.

#### Uitleg-alternatiewe by elk van die Terreine

- Eskom het voorlopige 'terreinpakketuitlegte' van die kragstasie se voetspoor vir elke terrein ontwikkel. Hierdie uitlegte is aan die OIE-span voorsien en is gevolglik verfyn om sekere van die kwessies en knelpunte aan te spreek wat die spesialis tydens die spesialis-integrasiewerkswinkel geopper het wat op 25 Augustus 2008 gehou is; by 'n tweede integrasievergadering met 'n kleiner groep spesialiste op 26 September 2008 (albei tydens die Bestekopnamefase van die OIE-proses); asook by 'n spesialis-integrasiewerkswinkel op 24 en 25 November 2009 tydens die OIE-fase gehou is. Die voorgestelde plasing van die kragstasie is ook beïnvloed deur die sensitiwiteitskaarte (sien einde van Hoofstuk 9) wat met spesialisinsette ontwikkel is.



Een van die primêre veranderinge wat aan die uitlegte gemaak is, is die verskuiwing van die beoogde kragstasie van 100 m van die see af na minstens 200 m van die hoogwatermerk af. Hierdie skuif was om voorsiening te maak vir die handhawing van ekologiese korridors, terwyl die impak op sensitiewe duine en erfeniskenmerke regoor al die terreine terselfdertyd ook beperk word. Die terugsit van die hoogwatermerk af sal ook help om impakte op die stasie weens 'n styging in seevlak wat met klimaatsverandering gepaard gaan, te voorkom. Die beoogde uitlegte neem die kartering van die terreine se omgewingsensitiwiteit in ag en plaas die kragstasies in die gedeeltes van die terreine wat die minste omgewingsensitief is<sup>5</sup>. Die spesialiste het die hele moontlike voetspoorgebied (OIE-korridor) geëvalueer en aanbevelings oor versagtingsmaatreëls, gebiede van hoë sensitiwiteit en verbode (*no-go*) gebiede voorsien.

Figuur 3-16 tot Figuur 3-21 in Hoofstuk 3 van die Hoofverslag gee 'n aanduiding van die voorgestelde uitleg van die kernkragstasies by die alternatiewe terreine. Hierdie uitlegte toon 'n "pakketuitleg" vir 'n verkoper wat nog gekies moet word.

Dit is belangrik om kennis te neem dat daar beperkings is met betrekking tot die Noodbeplanningsones (NBS'e) wat bepaal hoe ver 'n kragstasieposisie op die terreine verskuif kan word met betrekking tot sy omgewing. In die geval van die alternatiewe terreine, sal daar 'n Beskermdede Aksiesone (BAS) (sien Afdeling 3 vir 'n verduideliking van die NBS) met 'n radius van minstens 800 m (wat ook as die Uitsluitingsone (US) bekend staan) van die kragstasie af wees. Gevolglik kan die kragstasie nie nader as 800 m van die naaste pad verskuif word nie, aangesien geen onbeperkte openbare toegang in die BAS toegelaat word nie. Hoewel 'n enkele uitleg vir die Thyspuntterrein ontwikkel is, is twee uitlegte aanvanklik vir die Duynefonteinterrein ontwikkel, soos in die afdeling hieronder verduidelik word.

#### *Duynefontein*

Eskom het vorendag gekom met twee alternatiewe voorlopige uitlegte vir die Duynefonteinterrein. Die eerste alternatief strek in die lengte met die kus langs, met die tweede alternatief (Figuur 3-18 en Figuur 3-19) wat meer kompak is met gepaardgaande infrastruktuur soos die kontrakteurs- en stapelwerwe wat na die binneland van die Kerneiland geleë is. Die tweede uitleg was in reaksie op die potensieel hoogs belangrike impak op botaniese prosesse in die aktiewe duine van die Atlantiskorridor duineveld<sup>6</sup> volgens die 2011 Duinplantegroei Ekologiese Evaluering. Die dwarsduinstelsel te Duynefontein is endemies, met hierdie stelsel wat swak verteenwoordig is aan die Kaapse Weskus. Op grond van verdere studies en bykomende veldwerk wat daarna by die Duynefonteinterrein uitgevoer is (2015 Botaniese Duineverslag – Aanhangsel E11), is daar egter 'n herwaarderingsituasie aan die hand gedoen weens die stabilisering van die mobiele duine naby die bestaande KKKS.

Twee faktore is van grootste belang vir hierdie herwaarderingsituasie: (i) die wesenlike verlies aan duinmobiliteit weens ontwikkeling in die suide, gekoppel aan toenames in plantegroeibedekking, het teweeggebring dat die duin nie meer in sy ongerepte staat kon funksioneer nie, en (ii) ontwikkeling sou beperk wees tot begroeide dele van die duinstelsel, wat die oorblywende klein mobiele stelsel in die noorde in staat sou stel om in die langtermyn te funksioneer, hoewel dit kunsmatig beperk sou wees.

Derhalwe is dit moontlik om inbraak te maak op die suidelike gedeelte van die duinstelsel (nader aan die Nuclear-1-terrein), met sekere voorwaardes in plek. Om die grondgebruik egter te maksimaliseer en ook om in lyn te wees met die OIE-benadering om sover moontlik uit die mobiele duinehabitat te bly, sal hierdie aanvanklike uitleg nie meer geëvalueer of oorweeg word in hierdie HKOIV Weergawe 2 nie. Derhalwe is die enigste uitleg wat vir die Duynefonteinterrein voorgestel word, die meer kompakte uitleg soos aangedui in Figuur 3-18 en Figuur 3-19 en Aanhangsel A).

---

<sup>5</sup> Daar moet gelet word dat die uiteindelige posisie van die kernkragstasie bepaal sal word na die aanstelling van die uiteindelige verkoper en die gedetailleerde ondersoeke oor die tussen-terrein geologiese toestande. Die posisies wat deur die spesialiste en die OEP voorgestel is, moet as riglyn gebruik word. Sou die posisie wesenlik buite dít wat in hierdie OIV voorgestel word moet verskuif, kan dit nodig wees dat Eskom aanvullende evaluering moet onderneem.

<sup>6</sup> Vanuit 'n geomorfologie-ogpunt moet daar gelet word dat Nuclear-1 se duinggeomorfologiespesialis nie hierdie habitat nie as sensitief ag nie.

## Vervoer

- Die Thyspunterrein verg opgraderings van vervoerroetes met betrekking tot openbare paaie, toegang en noodontruiming tydens die konstruksiefase. Die aanbevole roetes in Weergawe 9 van die Vervoerverslag is hersien nadat die Hersiene Konsep OIV in Mei 2011 vir openbare kommentaar beskikbaar gemaak is. Gegronde op hierdie hersiening, word die R330 nou voorgestel om slegs vir passasiersvoertuigverkeer en abnormale vragvervoer gebruik te word, en vir hierdie doeleinde sal sekere gedeeltes opgradering verg. Die Oesterbaaipad word nou voorgestel vir opgradering na 'n teerpad wat gebruik kan word tydens die konstruksie- en bedryfsfase vir personeeltoegang en swaarvoertuigverkeer en as 'n noodontruimingsroete vir gebiede soos Oesterbaai. Die DR1762, wat die R330 en Oesterbaaipad verbind, word nou voorgestel om geteer te word om verbeterde oos-wes konnektiwiteit te bied. Die konstruksie van verbypaaie na die ooste en weste van Humansdorp word ook nou voorgestel om die verkeersimpak op sentraal Humansdorp te verlig. Gevolglik sal swaar konstruksievoertuie wat toegang tot die Thyspunterrein wil verkry, nie deur die middel van Humansdorp hoef te ry nie.

## Thyspunt Westelike Toegangspaaie

- Vier opsies vir die Westelike Toegangspad is aanvanklik oorweeg, naamlik W1, W2, W3 en W4. W1 tot W3 het almal hul oorsprong wes van Umzamowethu (tussen Umzamowethu en Oesterbaai), terwyl W4 se oorsprong vanaf die Humansdorp-Oesterbaaipad oos van Umzamowethu is. W4 is aanvanklik deur die biofisiese spesialiste verwerp weens van sy potensiële impak op die westelike gedeelte van die Oesterbaai Mobiele Duineveld en gepaardgaande sensitiewe ekosisteme, sy oorsteek van 'n dreineringslyn en die lengte daarvan. Tussen W1, W2 en W3, is W1 deur die meeste spesialiste verkies.

Ter erkenning van B&GP's se knelpunte oor die westelike toegangspad wat tydens die 2011 rondte van openbare kommentaar oor die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) ontvang is, is nuwe alternatiewe roete-belynings vir die Westelike Toegangspad ondersoek. Hierdie alternatiewe het gefokus op die belyning van die Westelike Toegangspad oos van Umzamowethu om te voorkom dat die pad 'n skeiding tussen Umzamowethu en Oesterbaai vorm. 'n Aantal alternatiewe belynings van hierdie pad is laat in 2012 oorweeg en die binnelandse alternatief wat die verste van Oesterbaai (IR2) af is, is daarna aanbeveel. Hierdie belyning het sekere biofisiese impakte maar nie van sodanige belang dat hulle fatale foute uitmaak nie.

## Uitsluiting van Bantamsklip as 'n Bedryfbare Terrein

- Met die voltooiing en gevolglike goedkeuring van die Bestekopnameverslag in 2008, was die bedoeling om 'n gedetailleerde evaluering van drie alternatiewe terreine vir Nuclear-1 te onderneem, naamlik Duynfontein, Bantamsklip en Thyspunt. Al drie terreine is derhalwe in ewe veel detail ondersoek as deel van die OIE se evalueringsfase. In daardie ondersoek het duidelik geword dat, hoewel Bantamsklip 'n bedryfbare terrein vir 'n kernkragstasie bly, dit die minste gunstige van die drie terreine vir Nuclear-1 was. Met die dat die gedetailleerde evaluering van Bantamsklip reeds in die openbare domein aangebied is as deel van vroeëre konsepte van die Omgewingsimpakverslag, is die besluit geneem om Bantamsklip uit te sluit van verdere oorweging in hierdie OIV in die belang van bondigheid.

Die drie primêre redes vir die uitsluiting van Bantamsklip hou op hierdie tydstip verband met vervoerrisiko's, stadsbeplanning en die vlak van evaluering wat beskikbaar is vir die Nuclear-1 OIE-span oor die transmissielyste wat benodig sal word om die krag van die werkende kragstasie af te evakueer. Ten opsigte van vervoer, is die roete tussen Kaapstad Hawe en Bantamsklip langer sowel as topografies meer kompleks, met die nodigheid om die Sir Lowry's Pas oor te steek wat veral 'n uitdaging bied, in vergelyking met die toegangsroetes na die ander twee terreine. Hierdie roete hou derhalwe groot tegniese uitdagings in vir swaarvragmotors en het dus 'n groter gepaardgaande veiligheidsrisiko (vir ander padgebruikers en vervoerpersonnel) as die ander roetes. Daar is ook wesenslike brugobstruksies en steil hellings met hierdie roete langs, wat nie op die ander roetes wat die ander twee terreine sal bedien voorkom nie.

Die tweede rede is gegrond op 'n stadsbeplanningsperspektief. Al drie terreine is deur Urban Town Planners (Aanhangsel E34) oorweeg en ondersoek. Die terreine is gerangskik en tellings aan toegeken ten opsigte van ontwikkelingskriteria vir 'n kernkragstasie, waartydens die Bantamsklipterrein die laagste telling gekry het. Die telling is beïnvloed deur die beperkte werksmag wat naby die terrein beskikbaar is, wat 'n uitdaging is wat op die Bantamsklipterrein ervaar word in vergelyking met Duynefontein of Thyspunt. Dit wys dat die terrein tans nie die beste keuse vir Nuclear-1 is vanuit 'n stadsbeplanningsperspektief nie.

Die derde rede is omdat daar 'n regstreekse verpligting is (soos vereis deur die OIE-regulasies) om die volledige stel impakte wat nie net gepaard sal gaan met die kernkragstasie nie, maar ookgepaardgaande infrastruktuur, te evalueer. 'n Grootse gepaardgaande aanleg is uiteraard die transmissielyn wat benodig word om krag tydens die konstruksiefase te voorsien, maar ook om krag vanaf die werkende kragstasie te evakueer. Vir beide Duynefontein en Thyspunt is gedetailleerde evaluering van die kraglyn aan die OIE-span beskikbaar, maar nog nie vir Bantamsklip nie. Die gedetailleerde omgewingsevaluering wat vir Thyspunt en Duynefontein onderneem is, is in ag geneem met die impakevaluering vir hierdie terreine, wat uitwerking gee aan kumulatiewe impakevaluering soos aangedui in Hoofstuk 10. Weens die feit dat soortgelyke inligting nie vir Bantamsklip beskikbaar is nie, kon die OIE-span nie die kumulatiewe impak vir die Bantamsklipterrein na behore evalueer nie. Daarom is dit bloot nie tans moontlik om 'n toereikende vergelykende evaluering tussen die drie terreine te bied nie.

Die OIE-span is vol vertroue dat die uitsluiting van Bantamsklip uit hierdie OIE nie die verpligting om alternatiewe deeglik te ondersoek, ondermyn of die terrein vir toekomstige kernkraggebruik uitsluit nie. Die insluiting van die Bantamsklipterrein sou wesenlik bydra tot verdere kompleksiteit vir 'n reeds komplekse OIV sonder dat besluitneming op enige materiële wyse verbeter sou word. Die Bantamsklipterrein sal derhalwe nie verdere oorweging in hierdie OIV geniet nie. Lesers wat belangstel in die vorige evaluering van die Bantamsklip-terrein kan toegang tot die inligting verkry by <http://projects.gibb.co.za/Projects/Eskom-Nuclear-1-Revised-Draft-EIR>.

Met die bogenoemde moet sodanige lesers gewaarsku word dat dit nie beteken dat Bantamsklip nooit vir 'n toekomstige kernkragstasie oorweeg kan word nie. Die terrein het geen fatale foute ingevolge die evaluering wat voorheen onderneem is nie, maar met die uitdagings wat hierbo genoem is, sal Bantamsklip nie gereed wees om aan die konstruksieydsraamwerk wat vir Nuclear-1 verag word, te voldoen nie en sal derhalwe nie verder in hierdie OIE oorweeg word nie.

Stadsbeplanning (nuwe studie nie in vorige weergawes van die OIV ingesluit nie)

- 'n Stadsbeplanningstudie is onderneem om die potensiële impak van die voorgestelde kragstasie op die omliggende grondgebruik te evalueer. Die voorgestelde terreine is geëvalueer ten opsigte van 'n ontwikkelingsmatriks wat die institusionele, ekonomiese, maatskaplike en fisiese omgewing geëvalueer het.

Radiologiese Evaluering (nuwe studie nie in vorige weergawes van die OIV ingesluit nie)

- 'n Radiologiese evaluering is onderneem om die potensiële radiologiese impak wat die voorgestelde kragstasie op die omliggende gebiede kan hê, te evalueer. Die studie het gekyk na die bestaande agtergrondstraling van die terreine, potensiële impak op menslike en nie-menslike wesens tydens normale bedryf.

Ontwerpsongelukverslag (nuwe studie nie ingesluit in vorige weergawes van die OIV)

- Hierdie studie kyk na 'n swakste geval scenario, sou 'n kernkragongeluk plaasvind. Voorvalle soos Three Mile Island, Chernobyl en Fukushima word in ag geneem.

Portuuroorsig van Spesialisstudies

- Portuuroorsigte van spesialisstudies is onderneem. Die portuuroorsigte het bevind dat alle studies voldoende was en geen fatale foute is geïdentifiseer nie. Nadere besonderhede word in Hoofstuk 8 van die huidige verslag gebied.

## EVALUERING VAN PROJEKALTERNATIEWE

Die oorweging van alternatiewe is 'n sleutelvereiste van 'n OIE aangesien dit 'n grondslag bied op grond waarvan die bevoegde owerheid en B&GP's 'n keuse kan uitoefen. Alternatiewe wat oorweeg word, moet redelik en uitvoerbaar wees. Alternatiewe wat tydens die OIE oorweeg is, sluit in die:

- ligging van die kragstasie;
- soorte kragopwekking;
- soort kernkragaanlegte;
- vervoermodusse;
- posisionering van die kernkragstasie op die terreine;
- varswaterverskaffing en gebruik van onttrekte grondwater;
- bestuur van soutwater;
- inlaat van soutwater;
- uitlaat van water en chemiese uitvloeisel;
- bestuur van deklaagmateriaal (uitskotmateriaal);
- toegang tot die terreine;
- bestuur van radioaktiewe afval; en
- geen ontwikkelingsalternatief (die sogenaamde 'No-Go-opsie').

Die evaluering van alternatiewe is gebaseer op 'n kombinasie van die gedokumenteerde spesialisbevindinge, die resultate van die spesialis-integrasiewerkswinkel wat in November 2009 gehou is en GIBB se integrasie en evaluering van die studie se bevindinge, wat die bywerkings van die spesialisverslae sedert 2010 tot op hede insluit.

## DIE VERGELYKENDE EVALUERING VAN DIE ALTERNATIEWE TERREINE

Die blote skaal van die projek en die gepaardgaande voetspoor wat ver verby die direk voorgestelde terrein sal strek in die vorm van paaie, ander infrastruktuur en grootskaalse transmissielyn, beteken potensieel wesenlike transformasie van die grond en habitat. Die direkte voetspoor van die beoogde KKS te Duynefontein is 265 ha wat 'n direkte verlies van huidige bewaringsgrond sal beteken. Die bewaringsgebied het die oprigting van die Koeberg KKS direk voorafgegaan en dit was 'n oordeelkundige gebruik van die grond in Eskom se besit wat ontwikkelingsvry gehou is vir veiligheidsredes, maar dit verander nie die feit dat 'n bewaringsgebied verlore sal gaan indien die KKS te Duynefontein opgerig word nie. Die verlies aan daardie bewaringsgebied is wesenlik en 'n teenwig sal geskep moet word om te verseker dat daar geen netto verlies aan ekologiese waarde is indien die KKS te Duynefontein opgerig word nie.

Die Thyspuntterrein is biologies meer divers as die Duynefonteinterrein en daar is meer bedreigde dierspesies by Thyspunt en die Langefonteinveleiland is van spesiale belang. Derhalwe is die voorgestelde terrein vir die KKS te Thyspunt meer sensitief as die een by Duynefontein en besluitnemers word aangemoedig om hierdie sensitiwiteit in hul beraadslaging vir besluitneming te herken. Net so belangrik in daardie beraadslaging is natuurlik die feit dat 'n goeie deel van die rede vir daardie groter sensitiwiteit die beskerming was wat aan die natuurlike omgewing gebied is deurdat die eiendom nie beskikbaar is vir ontwikkeling nie.

Dit is bloot nie moontlik om te spekuleer oor hoe of selfs indien die terrein op ander maniere ontwikkel sou word indien dit nie geormerk was 'n KKS nie, maar dit ly geen twyfel dat die huidige ekologiese waarde van die terrein bestaan omdat ontwikkeling verhoed is nie. Die evaluering is een van matige

residuele risiko van 'n afname in bevolking van bedreigde spesies weens die bekendstelling van infrastruktuur wat 'n vrekterisiko inhou vir sodanige spesies, veral weens paaie en transmissielyne. Vrektes van bedreigde spesies as gevolg van hierdie infrastruktuur is waarskynlik en die verskeie versagtingsmaatreëls wat toegepas sal word, sal dien om die omvang van die vrektes te beperk, sodat daar nie 'n materiële afname in bevolking van bedreigde spesies is nie.

Die teenwoordigheid van vleilande by albei terreine, met 'n besonder sensitiewe vleiland te Thyspunt, hou die risiko in dat die funksionaliteit van die vleilande sal afneem deur sedimentasie of koolwaterstowwe of die chemiese kontaminasie van stormwater. Die beplande uitleg van die terreine, insluitend die oordeelkundige plasing van stapelwerwe, voorkoming van en teenmaatreëls vir die storting van koolwaterstof en chemiese middels, en die feit dat daar nie direkte vloeielyne na die vleilande toe is nie, beteken dat die verlies aan vleilande of die afname in die funksionering van vleilande hoogs onwaarskynlik is. Terselfdertyd bied die groot buffergebiede wat vir die KKS vereis word, weer 'n geleentheid om hierdie belangrike ekologiese gebied steeds te beskerm. Die beplande uitleg van die kragstasie is aangepas om toe te sien dat die belangrike sensitiwiteite in die terreingebied, soos die duine hoë kaapstelsel en die Langefonteinvlei vleiland, vermy word.

Die beoogde KKS kan gevolglik ontwikkel word sonder 'n materiële afname in die ekologiese waarde van die terrein en die voortgesette beskerming wat aan die eiendom gebied word deur die voorkoming van ander ontwikkelings, moet ook in ag geneem word in die besluitnemingsproses. Kennis moet ook geneem word dat die grootste ontwrigting tydens die konstruksiefase sal voorkom en daarna sal die bedryfsfase 'n veel laer impak op die natuurlike omgewing hê. Indien verhoed word dat die KKS te Thyspunt opgerig word, blyk dit hoogs onwaarskynlik dat die eiendom nie verder ontwikkel sal word nie, maar dit sou verkeerd wees om te probeer aanvoer dat die ekologiese waarde van die gebied sonder die KKS gedoem sou wees. Wat wel hier aangevoer word, is dat die ekologiese waarde nie verlore sou gaan indien die KKS te Thyspunt ontwikkel sal word nie; 'n argument wat nie noodwendig waar is indien die eiendom nie vir 'n KKS gebruik word nie.

Die transmissielyne wat benodig word om die krag te evakueer, hou 'n aantal bedreigings vir die omgewing in, insluitend direkte grondtransformasie, 'n visuele impak en voëlvrektes omdat hulle in die kraglyne vas vlieg of doodskok. In algemene terme is die risiko om in die transmissielyne vas te vlieg groter as om dood te skok, danksy die afstand tussen geleiers, anders as in die geval van distribusielyne. Die transmissielyne sal ook die gevoel van plek verander, maar kan op so 'n wyse ontwikkel word dat die risiko van transformasie van kritieke habitats voorkom word, die impakte op nie-kritieke habitats verminder word en deur die aanvaarding van verskeie vorme van versagting om die risiko van voëlvrektes in te perk. Desondanks het transmissielyne wel 'n negatiewe impak op die omgewing en dit moet in die besluitnemingsproses herken word, en geen kragstasie in die wêreld is al gebou sonder grootskaalse transmissielyne om die krag te evakueer nie. Kumulatief is die voetspoor van die opwekking en transmissie van elektrisiteit groot.

Byna net soos die beoogde KKS tot 'n veel groter verandering in die gevoel van plek by Thyspunt as by Duynfontein sal lei, is daar ook 'n groter opbrengs in voordele by Thyspunt. Die konstruksieprojek sal 'n wesenlike inspuiting ten opsigte van besteding en werksgeleenthede tot gevolg hê en derhalwe die plaaslike ekonomie stimuleer. Die uitwerking hiervan sal relatief groter wees by Thyspunt as by Duynfontein, aangesien die beoogde KKS-projek ongekende ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede sal bring, terwyl dieselfde nie van Duynfontein gesê kan word nie. Baie belanghebbendes sal aanvoer dat hulle nie sulke ekonomiese ontwikkeling in die gebied wil hê nie en dat dit die gebied eintlik net verder sal bederf, maar die realiteit is dat baie ander belanghebbendes in die gebied in armoede leef of ten minste baie lae inkomstevlakke het, met min indien enige vooruitsigte om hul lotsbestemming te verander. Die beoogde KKS sal nie net direkte ekonomiese voordele nie maar ook grootskaalse indirekte voordele tot gevolg hê. Dit sou moeilik wees om nie te sien dat die voorgestelde projek tot 'n algemene verbetering in menslike welsyn vir 'n groot persentasie van die potensieel geaffekteerde belanghebbendes in bykans al die laer inkomstegroepe sal lei nie. Weereens sal hierdie uitwerking relatief duideliker by Thyspunt as by Duynfontein wees, gegewe die algemeen beter ontwikkelde ekonomie in die omgewing van Duynfontein.

Die aard van impak van elektrisiteitsopwekking is sodanig dat die impakte by die oorsprong van opwekking en met die transmissielyne langs gevoel word, terwyl die ware voordele aan die einde van die lyne voorkom. Dit sluit uiteraard die plaaslike ekonomiese voordele uit wat sal voortspruit uit die



konstruksiebedrywighede en tot 'n mindere mate die ekonomiese voordele wat gepaard gaan met die bedryf van 'n kragstasie in die vorm van plaaslike besteding op goedere en dienste en die impak van werknemers wat salarisse verdien wat in die omgewing woon en goedere en dienste van hul eie nodig. Derhalwe moet herken word dat die ekonomiese waarde van die opwekking van elektrisiteit wesenlik is, maar dat dit 'n waarde is wat nie op plaaslike vlak (d.i. die onmiddellike omgewing van die kragstasie) sal oloop nie maar eerder op nasionale vlak in die vorm van benutting deur nywerheids- of ander kommersiële gebruikers. Die waarde van elektrisiteit is uiteraard ook wesenlik vir huishoudelike gebruikers.

Ander kumulatiewe uitwerkings sal normaalweg voortspruit uit atmosferiese emissies, geraas, die afvoer van afvalwater en verbruik van hulpbronne. By beide Duynefontein en Thyspunt is agtergrondluggehalte oor die algemeen goed in die afwesigheid van ander wesenlike bronne en die impak van die beoogde KKS sal daardie situasie nie wesenlik verander nie. Sekere meganiese gegengereerde stof tydens die konstruksiefase sal doeltreffend beheer moet word en daar sal sporadiese kleinskaal emissies van noodkragvoorsieningstelsels wees, maar die beoogde KKS sal nie lei tot 'n wesenlike verandering in luggehalte by enige van die twee terreine nie. Dieselfde geld vir geraas, hoewel hoë geraasdrukvlakke tydens die konstruksiefase gegengereer sal word. Die afstand vanaf die terreine tot by die naaste sensitiewe reseptors sal verseker dat daar nie wesenlike veranderinge aan agtergrondgeraas veroorsaak word deur die kombinasie van aktiwiteite wat gepaard gaan met die beoogde KKS en ander aktiwiteite in die onderskeie gebiede nie.

Openbare sentiment is diep besorg oor potensieel negatiewe gesondheidsuitwerkings van die beoogde KKS, beide op die vlak van 'n grootskaalse toevallige vrystelling met onmiddellike moontlike sterftes of ernstige beserings of 'n langtermyn ernstige siekterisiko. Sou enigeen of albei voorkom, sal die gevolge baie erg wees en enige risiko van openbare sterftes of siektes moet herken word as baie wesenlik en is as sulks voorgehou in die evaluering. Wat die risiko draaglik maak is die baie klein waarskynlikheid dat dit ooit sal plaasvind, danksy die deeglike verdedigingsbeginsels waarop die ontwerp en bedryf van 'n moderne KKS geskoei is. Hierdie deeglike verdedigingsbeginsels behels hoë vlakke van oorbodigheid in beheer- en koelstelsels, aangevul deur veelvuldige vlakke van beperking. Die deeglike verdedigingsbeginsels dien om te verseker dat radioaktiewe vrystellings van die kragstasie onder alle omstandighede ver onder agtergrondvlakke van radioaktiwiteit gehou word en sodoende is sterftes of siektes weens radioaktiewe blootstelling hoogs onwaarskynlik.

Nie-radiologiese blootstellingsrisiko van sterftes en siektes by die KKS sou voortspruit uit motorvoertuigongelukke, potensieel toenames in MIV/Vigs weens die teenwoordigheid van 'n groter werksmag en meer geleenthede vir misdaad wat gewelddadig kan wees. Hierdie verskeie uitwerkings gaan onlosmaaklik gepaard met grootskaalse konstruksieprojekte en die omvang van die uitwerkings word eweneens tot die breër projekgebied beperk. Ondanks die verskeie versagtingsmaatreëls wat voorgestel is om hierdie sterfte-/siekterisiko's te beperk, sal dit waarskynlik plaasvind, hoewel op beperkte skaal. Die versagting sal slegs dien om die omvang te beperk en nie om dit heeltemal te voorkom nie. Vir besluitnemingsdoeleindes, sou die besluit geneem word om die voorgestelde KKS te magtig, moet daar herken word dat hierdie nie-radiologiese risiko's waarskynlik sal plaasvind. Meganiese gegengereerde stof weens die konstruksiebedrywighede hou ook 'n potensieel risiko in vir siektes in mense, maar die dispersiemodel van die waarskynlik omliggende konsentrasies stof dui daarop dat dit ver onder die nasionale omliggende luggehaltetestandaarde sal wees wat dien om menslike gesondheid te beskerm.

Heersende menslike gesondheid kan ook verbeter word deur die bykomende infrastruktuur wat opgerig sal word, wat bykomende mediese geriewe en verbeterde watervoorsiening en sanitasie weens die projek sal meebring. Tot 'n sekere mate sou hierdie bykomende infrastruktuur bloot die bykomende druk op sodanige dienste weens meer mense uitkanselleer, maar daar sal 'n besliste oordrag van voordele vir mense wees wat nog altyd in die gebied gewoon het. Weereens moet daar gelet word dat hierdie voordeel duideliker by Thyspunt as by Duynefontein sal wees, aangesien Duynefontein reeds oor beter ontwikkelde dienste en infrastruktuur as Thyspunt beskik.

Knelpunte is ook geopper oor die marineomgewing by albei moontlike terreine as gevolg van interaksie van die projek met die marineomgewing deur die onttrekking van water vir koel- en drinkwaterdoeleindes en uitlating van verhitte koel- en soutwater. Konstruksiebedrywighede hou ook die risiko van gekontamineerde stormwater in wat van die terrein af na die marineomgewing afgevoer

word en die plan is ook om oortollige deklaag in die see te stort. In alle gevalle sal daar beheermaatreëls wees wat die risiko van wesenlike verandering aan die marineomgewing beperk. Hierdie beheermaatreëls sluit in baie spesifieke bedryfsparameters vir die wegdoening van die deklaag ter see, die verdunning van soutwater van die ontsoutingsaanlegte deur koelwater te gebruik en die gebruik van 'n spreier om die impak van verhitte waterpolse in die marineomgewing te beperk. 'n Afname in die gehalte van die marineomgewing word as 'n lae residuele risiko geag.

Laastens, maar belangrik, is daar talle konstruksiebedrywighede wat die gehalte van oppervlak- en grondwater en die lewering van grondwater kan beïnvloed. Hierdie aktiwiteite hou verband met die teenwoordigheid van koolwaterstowwe en ander gevaarlike chemikalieë wat tydens konstruksiebedrywighede gestort kan word. Hoewel daar geen standhoudende waterlope op enige van die terreine voorkom nie, kan sulke stortings lei tot kontaminasie van stormwaterafloop wat tot verdere potensiële impakte op vleilande en grondwatergehalte deur insyfering/aanvulling of marine-afvloei kan lei. Dit sal streng beheermaatreëls verg, nie net om die risiko van stortings te voorkom nie, maar om te verseker dat die skoonmaak van die storting spoedig sal plaasvind ten einde risiko's van kontaminasie stroomaf te voorkom. Groot skaalse stortings moet voorkom word deur die voorgestelde versagting, maar stortings op kleiner skaal is 'n jammerlike realiteit van groot bouterreine. Die aanvanklike gebruik van grondwater wat by albei terreine benodig word vóór die ontsoutingsaanleg opgerig word, is gemodelleer om nie te lei tot 'n afname in die lewering van grondwater nie en die gebruik van hidrologiese skanse om die gebiede wat deur ontwatering geraak word af te sny, sal die mate van die sakking beperk om sodoende ook nie enige wesenlike impak op die vloei of hoeveelheid grondwater te hê nie.

Die slotsom is dat albei terreine vanuit 'n omgewingsoogpunt aanvaarbaar is vir 'n kernkragstasie. Die Thyspuntterrein word as die terrein van voorkeur geag en die aanbeveling is dat dit deur die DO gemagtig moet word (met voorwaardes) vir Nuclear-1. Eskom moet toesien dat die nodige versagtingsmaatreëls na behore geïmplementeer word. Dit is belangrik om te onthou dat nie een van die spesialisevalueringse fatale foute by enige van die oorblywende terreine geïdentifiseer het nie en beide die voorgestelde terreine bly bedryfbare terreine vir die ontwikkeling van 'n kernkragstasie, hetsy vir Nuclear-1, wat nou beplan word, of vir 'n toekomstige kragstasie. Derhalwe is die terrein waarop besluit is die een wat die grootste onmiddellike opbrengs vanuit 'n oogpunt van elektrisiteitsvoorsiening lewer. Thyspunt sal die oostelike rooster versterk en help om 'n opwekkingsentrum aan die ooskus te skep.

### **Soorte kragopwekking**

Die vergelykende evaluering van kragopwekkingtegnologieë wat as deel van die Bestekopnamefase onderneem is, het tot die volgende gevolgtrekkings gelei:

- Tegnologie-alternatiewe vir kragopwekking wat steenkool as 'n hulpbron behels, is nie haalbare alternatiewe vir kragopwekking in kusgebiede in Suid-Afrika nie, aangesien steenkoolhulpbronne in die Mpumalanga- en Limpopo-provinsie gekonsentreer is. Om elektrisiteit van hierdie streek na die Oos- en Wes-Kaapprovinsie oor te bring, lei tot wesenlike lynverliese/doeltreffendheid weens die afstand.
- Hoewel Eskom steeds verbind is om maniere te identifiseer waarop hernubare krag (bv. wind- en sonkrag) gebruik kan word om by te dra tot die aanbodkant van sy bedrywighede, bied sodanige tegnologieë tans nie die vermoë om 'n betroubare basislas te voorsien nie (sien Hoofstuk 4) en om maklik by die bestaande kragnetwerk in Suid-Afrika in te skakel nie.
- Benewens steenkool is kernkrag tans die enigste bedryfbare tegnologie vir groot skaalse basislas produksie van elektrisiteit in Suid-Afrika se grense.
- Weens Suid-Afrika se waterskaarste en die beperkte potensiële krag van ons waterhulpbronne word hidroëlektriese krag nie as 'n lewensvatbare alternatief geag nie. Suid-Afrika en Eskom is daartoe verbind om saam met lande in Suider-Afrika te werk vir voorsieningsopsies wat potensiëel uit hidroëlektriese krag verkry kan word. Die verwesenliking van sulke geleenthede sal tyd neem en daar is tans te veel onsekerheid om doeltreffend vir sodanige verwesenliking te kan beplan.

Beleid skryf voor dat Suid-Afrika meer kernkragopwekking moet gebruik ten einde die emissies van kweekhuysgasse te verminder om te voldoen aan ondernemings wat in Desember 2009 by die

Kopenhagen Spitsberaad oor Klimaatverandering gemaak is. Hierdie verbintenisse verg dat Suid-Afrika CO<sub>2</sub> met 34 % teen 2020 moet verminder. Oor die volle lewensiklus sal die emissies van kweekhuisgasse weens kernkragopwekking 'n fraksie wees van dit wat voortspruit uit die benutting van steenkool. Die Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP) lê hierdie argumente voor en gevolglik sluit dit 9 600 MW kernkrag in die samestelling van kragopwekking in. Die voortgesette gebruik en verdere ontwikkeling van hernubare kragtegnologieë word geensins uitgesluit in die keuse van kernkrag nie. Soos vroeër in hierdie OIV uitgewys is, word kernkragopwekking nie gesien as 'n alternatief vir hernubare tegnologieë in die IRP nie. Die IRP hou weliswaar voor dat albei tegnologieë gelyklopend ontwikkel moet word. Benewens al die bestaande kragaanlegte en dié waartoe reeds verbind is (Medupi, Kusile en Ingula), hou die IRP voor dat die geprojekteerde vraag na elektrisiteit in Suid-Afrika voorsien sal word deur die volgende tegnologiesamestelling:

- 9,6 GW (9 600 MW) kernkrag;
- 6,3 GW steenkool;
- 11,4 GW hernubare krag; en
- 11 GW uit ander opwekkingsbronne.

### **Soorte kernkragaanlegte**

Drukwaterreaktors is die algemeenste kernkragreaktors wat internasionaal gebruik word. Die KKKS gebruik drukwaterreakortegnologie en dit is derhalwe 'n getoetste soort kragopwekking wat die afgelope 30 jaar veilig bedryf word. Eskom is vertrouwd met die tegnologie vanuit 'n gesondheids- en veiligheidsperspektief, sowel as vanuit 'n bedryfsoogpunt.

### **Vervoermodusse**

Daar word aanvaar dat padvervoer die enigste oplossing bied vir die vervoer van swaar vrugte vanaf die hawens na Duynefontein en Thyspunt.

### **Posisionering van die kernkragstasie op die terreine**

Voorlopige pakkette waarin die kragstasievoetspore geleë kan wees, is vir elke terrein ontwikkel. Hierdie pakkette is aan die spesialiste voorsien en is gevolglik verfyn om sekere van die kwessies en knelpunte aan te spreek wat die spesialiste by die spesialis-integrasiewerkswinkel op 25 Augustus 2008 en by 'n tweede integrasievergadering met 'n kleiner groep spesialiste op 26 September 2008, geopper het. Gebiede van hoogste sensitiviteit is tydens die November 2009 integrasievergadering met die spesialiste bespreek. Hul sensitiviteitskaarte (sien die individuele spesialisverslae, Aanhangsel E2 tot E27) is oorgelê om saamgestelde sensitiviteitskaarte vir die terreine saam te stel, wat hieronder aangedui word. Die gebiede van elk van die alternatiewe terreine wat die minste sensitief is, word op hierdie kaarte aangedui.

Vir albei alternatiewe terreine is die gebied binne 800 m van 'n openbare pad af uitgesluit vir oorweging in die OIE en HS-werfkorridors, aangesien geen publieke toegang in die Uitsluitingsone (US) van die Noodbeplanningsone (NBS) toegelaat word nie, wat na verwagting minstens 800 m van die beoogde kernkragstasie af moet wees.

Vanuit 'n omgewingsoogpunt het die spesialiste gesamentlik aanbeveel dat die volgende gebiede nie as geskik vir die oprigting van 'n kernkragstasie geag moet word nie:

- Die gebied tussen die laag- en hoogwatermerk en dan 200 m na die binneland vanaf die hoogwatermerk om voorsiening te maak vir die handhawing van ekologiese korridors, terwyl die potensiële impak op die sensitiewe mobiele duine en erfeniskenmerke met die kuslyn langs van al die terreine (sien Afdeling 5.5) ook beperk word; en
- Die gebied binne 100 m van enige vleiland se hoogwaterrand van af.

Figure vir die gekombineerde oorlegte sensitiviteitskaarte vir al die terreine is vervat in Hoofstuk 9 en Aanhangsel A.

By die Duynefonteinterrein is die gebied wat as geskik geag word vir konstruksie, bedryf en uitbedryfstelling van 'n kernkragstasie 'n gebied van 156,51 ha aan die oostelike kant van die OIE en HS-werfkorridor, langs die bestaande KKKS. Slegs die spesialiste in flora en ongewerweldes het aangedui dat hierdie gebied omgewings sensitief is. Vanuit 'n oogpunt van ongewerweldes, het die spesialis aangedui dat daar 'n hoë vlak van vertroue is dat, terwyl soortgelyke habitat buite die gebied

beperk is, die spesies wat teenwoordig is (insluitend die onbeskryfde mierspesies) voldoende verteenwoordig in ander habitats op die terrein geniet.

Die dwarsduinstelsel te Duynfontein is endemies en is swak verteenwoordig aan die Kaapse Weskus. Op grond van verdere studies en bykomende veldwerk wat sedertdien by die Duynfonteinterrein onderneem is (2015 Botaniese Duineverslag – **Aanhangsel E11**), is 'n herwaarderingsituasie egter aan die hand gedoen weens die stabilisering van die mobiele duine naby die bestaande KKKS. Twee faktore is deurslaggewend vir hierdie herwaarderingsituasie: (i) die weselike verlies aan duinmobiliteit weens ontwikkeling in die suide, gekoppel aan toenames in plantegroeibedekking, het beteken dat die duine nie meer in hul ongerepte staat kon funksioneer nie; en (ii) weens begroeide dele van die duinstelsel sou ontwikkeling gelokaliseer wees, wat die oorblywende klein mobiele stelsel in die noorde in staat sou stel om in die langduur te funksioneer, hoewel dit kunsmatig ingeperk sou wees. Derhalwe is dit moontlik om in te dring op die suidelike gedeelte van die duinstelsel (nader aan die Nuclear-1-terrein), met sekere voorwaardes in plek. Om die grondgebruik egter te maksimaliseer en ook om in lyn te wees met die OIV-benadering om sover moontlik uit die mobiele duinhabitat te bly, sal die mobiele duinstelsel nie geaffekteer word nie.

By die Thyspunt-terrein is die gebied wat as geskik geag word vir 'n kernkragstasie 225 ha (174 ha vir die hoofaanleg en 51 ha vir die HS-werf). Nie een van die spesialiste het aangedui dat die aanbevole voetspoorgebied vir die kragstasie omgewings sensitief is nie. Die bevindinge van die ekstensiewe opnames wat onderneem is, insluitend 'n proefuitgrawingsprogram (2011), het aangedui dat dit moontlik is om die voorgestelde Nuclear-1-kragstasie op so 'n wyse te posisioneer dat fisiese impakte op erfenisterreine van 'n argeologiese aard, geminimaliseer sal word.

Let asseblief daarop dat die bogenoemde slegs aanbevelings is betreffende die gebiede wat geskik is vir die konstruksie van 'n kernkragstasie by enigeen van die alternatiewe terreine en dat die finale posisionering bepaal sal word deur die volgende aspekte in gedagte te hou:

- Indien die DO die konstruksie van 'n kernkragstasie by enigeen van die alternatiewe terreine magtig, moet gepaardgaande voorwaardes van magtiging in ag geneem word.
- Die aanstelling van die verkoper en resultate van enige verdere gedetailleerde geologiese voorwaardes.

### **Benutting van onttrekte grondwater**

Grondwater sal uit diep uitgrawings by albei terreine onttrek moet word ten einde die bou van 'n Kerneiland moontlik te maak. Die alternatiewe van voorkeur met betrekking tot die onttrekking van grondwater is die interne berging en benutting van die water. Weens die volume water wat waarskynlik onttrek sal moet word, veral by Thyspunt, sal van die water ook in die see gestort moet word. Dit word as onuitvoerbaar beskou om die water by die munisipale waterstelsel in te skakel weens die afstand tot by die naaste dorpsgebied waar dienste gelewer word. Op grond van die hoeveelheid oop ruimte van lae omgewings sensitiwiteit op die terreine kan dit moontlik wees om van die grondwater op die terreine te berg. Sou Eskom nie daarin slaag om al die onttrekte grondwater vir menslike verbruik of konstruksie te gebruik nie, sal dit in die see gestort word, wat dan as die oordeelkundigste alternatiewe geag word.

### **Varswatervoorvoorsiening**

By al die terreine bied ontsouting 'n gewaarborgde bron vars water vir die leeftyd van die beoogde kernkragstasie sonder dat die beskikbaarheid van vars water vir ander gebruikers daardeur geraak word. 'n Ontsoutingsaanleg is derhalwe die alternatiewe van voorkeur vir die voorsiening van vars water by al die alternatiewe terreine.

### **Bestuur van soutwater**

Hetsy die uitlaat van soutwater in die see of die gesamentlike uitlating van sout- en koelwater in die see is aanvaarbaar vanuit 'n omgewingsoogpunt. Soutwater behoort slegs tydens konstruksie direk in die see uitgelaat te word. Hoewel die wegdoening van soutwater tydens die konstruksiefase direk in die brandingsone oor kort tydperke aanvaarbaar is vanuit 'n omgewingsoogpunt, is die OEP se aanbeveling dat die soutwater tydens die konstruksiefase per pypleiding tot agter die brandingsone gepomp word.

### **Inname van seewater**

Die enigste uitvoerbare alternatief vir albei alternatiewe terreine is die installering van in- en uitlaattonnels, wat die installering van waterpypleidings onder die see behels, en waardeur water uit die oseaan verkry en koelwater in 'n bergingsgebied (inlaatkom) gevoer word wat langs die koelwaterpomphuisse geleë is.

### **Uitlaat van water en chemiese uitvloeisel**

Uitlaatstrukture vir koelwater en chemiese uitvloeisel moet in die see uitmond. Alle vrystellings moet op die gepaste afstande plaasvind, soos deur die tersaaklike spesialiste beskryf is. Indien daar voldoen word aan die spesifieke versagtingsmaatreëls wat in die marine biologieverslag geïdentifiseer word, is die vrystelling van uitvloeisel in die see dus die aanbevole alternatief.

### **Bestuur van deklaagmateriaal (uitskotmateriaal)**

Op grond van die bevindinge van die oseanografiese modellering (Prestedge et al., 2009) en die marine impakevaluering (**Aanhangsel E15**), word aan die hand gedoen dat so veel moontlik van die fyn deklaagmateriaal in die marine omgewing mee weggedoen word, ooreenkomstig die aanbevelings van die marine sediment- en die marine biologiëstudie. Die aanbevelings van hierdie studies met betrekking tot die afstand van die kus af en die pompkoerse moet streng nagevolg word. Die oorblywende materiaal, wat nie see toe uitgepomp kan word nie, moet op land mee weggedoen en gebruik word vir aktiwiteite soos die gelykmaking van die HS-werf op die hoogste moontlike vlak ten einde te vermy dat die deklaagmateriaal op hope op land mee weggedoen word (slegs van toepassing op die Thyspunterrein).

### **Toegang tot die terreine**

Soos vroeër bespreek verg die Thyspunterrein opgraderings van vervoerroetes met betrekking tot openbare paaie, toegang en noodontruiming tydens die konstruksiefase. Die aanbevole roetes in Weergawe 9 van die Vervoerverslag is hersien nadat die Hersiene Konsep OIV in Mei 2011 vir openbare kommentaar beskikbaar gemaak is. Gegronde op hierdie hersiening, word die R330 nou voorgestel om slegs vir passasiersvoertuigverkeer en abnormale vragvervoer gebruik te word, en vir hierdie doeleinde sal sekere gedeeltes opgradering verg. Die Oesterbaaipad word nou voorgestel vir opgradering na 'n teerpad wat gebruik kan word tydens die konstruksie- en bedryfsfase vir personeeltoegang en swaarvoertuigverkeer en as 'n noodontruimingsroete vir gebiede soos Oesterbaai. Die DR1762, wat die R330 en Oesterbaaipad verbind, word nou voorgestel om geteer te word om verbeterde oos-wes konnektiwiteit te bied. Die konstruksie van verbypaaie na die ooste en weste van Humansdorp word ook nou voorgestel om die verkeersimpak op sentraal Humansdorp te verlig. Gevolglik sal swaar konstruksievoertuie wat toegang tot die Thyspunterrein wil verkry, nie deur die middel van Humansdorp hoef te ry nie.

Vier opsies vir die Westelike Toegangspad is aanvanklik oorweeg, naamlik W1, W2, W3 en W4. W1 tot W3 het hul oorsprong wes van Umzamuwethu (tussen Umzamuwethu en Oesterbaai), terwyl W4 se oorsprong vanaf die Humansdorp-Oesterbaaipad oos van Umzamuwethu is. W4 is aanvanklik deur die biofisiese spesialiste verwerp weens van sy potensiële impak op die westelike gedeelte van die Oesterbaai Mobiele Duineveld en gepaardgaande sensitiewe ekosisteme, sy oorsteek van 'n dreineringslyn en die lengte daarvan. Tussen W1, W2 en W3, is W1 deur die meeste spesialiste verkies.

Ter erkenning van B&GP's se knelpunte oor die westelike toegangspad wat tydens die 2011 rondte van openbare kommentaar oor die Hersiene Konsep OIV (Weergawe 1) ontvang is, is nuwe alternatiewe roete-belynings vir die Westelike Toegangspad ondersoek. Hierdie alternatiewe het gefokus op die belyning van die Westelike Toegangspad oos van Umzamuwethu om te voorkom dat die pad 'n skeiding tussen Umzamuwethu en Oesterbaai vorm. 'n Aantal alternatiewe belynings van hierdie pad is laat in 2012 oorweeg en die binnelandse alternatief wat die verste van Oesterbaai (IR2) af is, is daarna aanbeveel. Hierdie belyning het sekere biofisiese impakte maar nie van sodanige belang dat hulle fatale foute uitmaak nie.

### **Bestuur van radioaktiewe afval**

Die enigste uitvoerbare en redelike alternatief vir die wegdoening van Laegraadse en Intermediêre radioaktiewe afval is by die Vaalputs Kernkragafvalstortingsterrein. Dit is die enigste gemagtigde

fasiliteit vir hierdie soort afval in Suid-Afrika en beskik oor voldoende kapasiteit vir die afval wat deur Nuclear-1 gegenereer sal word.

Wat Hoëgraadse afval (gebruikte brandstof) betref, is die enigste alternatief in Suid-Afrika tans die langtermynberging van die gebruikte brandstof in die kernkragstasie. Vaalputs word oorweeg as 'n stortingsterrein vir Hoëgraadse afval, maar die nodige magtigingsprosesse hiervoor sal etlike jare duur, met die gevolg dat die wegdoening van gebruikte brandstof by hierdie fasiliteit tans nie 'n uitvoerbare opsie is nie.

### **Geen ontwikkelingsalternatief (No-Go-alternatief)**

Gegewe die dringende vraag na krag weens ekonomiese groei in Suid-Afrika, word die geen ontwikkelingsalternatief nie as 'n uitvoerbare en realistiese alternatief beskou nie. Soos aangedui in die afdeling oor behoeftes en wenslikheid (Hoofstuk 4 van hierdie OIV) is daar 'n bewese behoefte vir bykomende opwekkingvermoë in Suid-Afrika om te verseker dat daar voldoende beskikbare elektrisiteit oor die volgende 20 jaar sal wees.

In alle waarskynlikheid sal Suid-Afrika die IRP moet aanpas om meer steenkoolkragstasies te ontwikkel indien die geen ontwikkelingsalternatief vir die beoogde kernkragstasie aanvaar word, aangesien dit die enigste bewese alternatiewe basislas opwekkingsopsie in Suid-Afrika is. Weens die koolstofbelasting wat waarskynlik op lande gehef sal word wat aanhou om kweekhuiskasie vry te stel, sal dit nie ekonomies uitvoerbaar wees (en dit is moeilik om hierdie projekte te befonds aangesien banke teësinnig raak om sulke projekte te finansier) om nog steenkoolkragstasies in die toekoms te bou nie.

Die geen ontwikkelingsalternatief kom daarop neer dat die potensiële voordele, soos hieronder genoem, wat sal voortspruit uit die beoogde projek, nie verwesenlik sal word nie:

- Die verskaffing van basislas krag uit verskeie, veilige, volhoubare bronne van energie wat betreklik min kweekhuiskasieemissies vrystel.
- Die vermindering van steenkoolkragstasies se bydrae tot kragopwekking, wat in lyn sal wees met Eskom se langtermyn strategie om sy primêre energiebehoefte te diversifiseer en die emissie van kweekhuiskasie in te perk.
- Die verlaging van transmissiekraglynverliese.
- Die benutting van uraan wat (buiten steenkool) die enigste primêre bron van energie in Suid-Afrika is wat volhoubaar en kommersieel in voldoende hoeveelhede beskikbaar is vir basislasopwekking.

Hierdie OIV hou nie voor dat die huidige (geen ontwikkeling) situasie geen negatiewe impakte van sy eie inhou nie. Die meerderheid biofisiese spesialiste het aangedui dat daar tans beduidende bronne van omgewingsdegradasie om die terreine is wat waarskynlik sal voortduur. As voorbeeld het onlangse ontwikkeling (ten opsigte van stedelike ontwikkeling en 'n golfvriendelike) by Thyspunt wesenlike degradasie en die vernietiging van erfenisterreine, vleilande en gedeeltes van mobiele duinstelsels tot gevolg gehad. Die ontleding van hierdie ontwikkelingstendense, aldus die spesialiste, dui geensins daarop dat die geen ontwikkelingsalternatief tot gevolg sal hê dat hierdie impakte stadiger sal plaasvind of afneem nie.

Voorts moet daar op gelet word dat Eskom, indien dit nie die terreine vir kernkragontwikkeling gaan gebruik nie, die terreine waarskynlik van die hand gaan sit, hangende 'n besluit deur Eskom se Direksie. Die verkoop van die eiendomme sal aan 'n gewillige koper teen die heersende markverwante pryse geskied, wat waarskynlik aanleiding sal gee tot 'n ander soort grondgebruik wat sy eie stel omgewingsimpakte kan hê. Totdat die KKKS uit bedryf gestel word, is die geen ontwikkelingsalternatief te Duynefontein ook nie 'n realistiese opsie nie.

### **Sleutelversagtingsmaatreëls en voorwaardes vir magtiging**

Die bevindinge van die spesialisstudies wat in hierdie OIE onderneem is, bied 'n evaluering van beide die voordele en potensiële negatiewe impakte wat as gevolg van die beoogde projek kan ontstaan. Die bevindinge kom tot die gevolgtrekking dat daar geen fatale gebreke vanuit 'n omgewingsoogpunt by engeen van die alternatiewe terreine is wat sal verhoed dat daar met die beoogde projek voortgegaan word nie, mits die aanbevole versagtings- en bestuursmaatreëls in werking gestel word.

Dit is noodsaaklik dat die aanbevelings vir versagting wat in hierdie OIV, die Omgewingsbestuursplan (OBP) en in die spesialisstudies vervat is, streng geïmplementeer word. Die versagtingsmaatreëls vir impakte op plante, gewerwede en ongewerwede fauna, vleilande, duinggeomorfologie en erfenishulpbronne is veral belangrik. Die versagting van erfenisimpakte in die besonder kan werk van 'n terreinspesifieke span vereis wat uitgrawings oor 'n tydperk van ses maande tot 'n jaar doen alvorens bouwerk 'n aanvang neem vir gebiede in die 200 m kusterugsitlyn.

Ten einde gepaste standaarde met betrekking tot omgewingsbestuur te verwesenlik en om te verseker dat die bevindinge van die omgewingstudies deur praktiese maatreëls geïmplementeer word, is die aanbevelings (met inbegrip van die tegniese spesialis se aanbevelings) van hierdie OIE in 'n OBP vervat (ter voldoening aan Regulasie 34 van NEMA) wat by Aanhangsel F ingesluit is. Hierdie OBP moet deel uitmaak van die kontrak met die kontrakteurs wat aangestel word om die beoogde kernkragstasie en gepaardgaande infrastruktuur op te rig. Die OBP moet gebruik word om te verseker dat daar aan omgewingspesifikasies en bestuursmaatreëls gedurende alle fases van die projek voldoen word. Die implementering van hierdie OBP vir al die fases van hierdie OBP vir alle fases van die aanleg se lewensiklus (d.i. konstruksie, bedryf en uitbedryfstelling) is noodsaaklik.

Die OBP is 'n dinamiese dokument en moet, soos nuwe inligting met verloop van tyd beskikbaar raak of lesse geleer word, in die implementering van die OBP se aanbevelings, mettertyd bygewerk word.

## **WEG VORENTOE**

Die NKR ontvang sy mandaat van die NNRA om persone, eiendom en die omgewing teen kernkragstasie te beskerm deur veiligheidstandaarde en reguleringspraktyke in plek te stel. Ingevolge Artikel 21 van die NNRA moet Eskom 'n formele aansoek by die NKR indien vir 'n lisensie om 'n kernkraginstallasie vir die aanlê, oprigting, bedryf, dekontaminasie en uitbedryfstelling van 'n kernkragstasie. Die Wet maak voorsiening dat die direksie van die NKR openbare verhore met betrekking tot gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies kan hou wat verband hou met die spesifieke aansoek.

Kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) en die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, is die DO verantwoordelik om die impakte van die kragstasie op die omgewing te beoordeel. Met erkenning van die tweeledige hoewel duidelik onderskeibare verantwoordelikhede ten opsigte van die beoordeling van stralingsgevaar, het die NKR en die DO 'n samewerkingsooreenkoms onderteken waarin ooreengekom is dat die DO, wat die hoofowerheid met betrekking tot omgewingsake is, en die NKR sal saamwerk in die evaluering van aangeleenthede rondom kernkrag. Met betrekking tot hierdie OIE, is spesialisstudies wat betrekking het op radiologiese kwessies ingesluit vir inligtingsdoeleindes wat die DO met besluitneming sal help.

Hierdie Hersiene Konsep OIV (Weergawe 2) is vir kommentaar aan alle geregistreerde B&GP's versprei. 'n Aantal openbare interaksies sal gedurende die kommentaartydperk oor hierdie Hersiene Konsep OIV gehou word. Alle kommentaar op die dokument sal deur GIBB oorweeg en 'n respons verskaf word in 'n Hersiene Kwessie- en Responsverslag (KRV) alvorens die Finale OIV by die DO ingedien sal word vir besluitneming.

Na verwagting sal die Oos-Kaapse DEAET en die Wes-Kaapse DEA&DP asook die NKR (en ander staatsdepartemente) kommentaar aan die DO sal lewer oor die toereikendheid van die Finale OIV. Die DO sal hierdie kommentaar oorweeg alvorens 'n besluit geneem word oor die aanvaarbaarheid van die beoogde Nuclear-1-projek. Vir inligtingsdoeleindes sal alle B&GP's van die Finale OIV en die DO se besluit ingelig word.

Indien die DO die beoogde kernkragstasie magtig, moet magtiging streng volgens die voorwaardes geskied wat in die Finale OIV aangedui word. Indien sommige van die vereiste versagtingsmaatreëls nie vóór die aanvang van konstruksie geïmplementeer word soos aanbeveel nie (byvoorbeeld die voorwaardes ten opsigte van die uitgraving van argeologiese en paleontologiese terreine), sal konstruksiewerk nie 'n aanvang mag neem nie.

Indien daar enige substantiewe ontwerpsveranderinge van die beoogde kragstasie ná indiening van die Finale OIV aan die DO vir besluitneming gemaak word, sal 'n herevaluering van die omgewingsimpakte moontlik benodig word. Die aannames ten opsigte van tegniese besonderhede van die kragstasie (soos uiteengesit in die *Consistent Dataset* – Aanhangel C) is **deurslaggewend** in hierdie opsig. Sodra 'n verskaffer van 'n kernkragstasie geïdentifiseer is, moet bevestig word dat die spesifikasies van die kragstasie steeds aan die *Consistent Dataset* voldoen wat as grondslag vir hierdie OIE-proses gedien het. Die aanbeveling is dat Eskom sodanige bevestiging lank voor die konstruksie van die kragstasie aan die DO moet verskaf.